Musiek wat swaarkry uitbeeld*

Siyavula Uploaders

This work is produced by The Connexions Project and licensed under the
Creative Commons Attribution License †

1 KUNS EN KULTUUR

2 Graad 6

3 KRITIESE EN KREATIEWE REFLEKSIE

4 Module 11

5 MUSIEK WAT SWAARKRY UITBEELD

Musiek

- Mense gebruik musiek om boodskappe uit te dra.
- Jou situasie bepaal dikwels wat die lirieke en die boodskap sal wees.
- Ons gaan luister na DRIE tipes musiek wat *swaarkry* uitbeeld en fokus op die geskiedenis daaragter, die boodskap van die lirieke en waarvoor die liedere gebruik word.

Figure 1

Aktiwiteit 1:
Om werkliedere te ondersoek
[LU 2.4

*Version 1.1: Jun 24, 2009 10:22 pm GMT-5
†http://creativecommons.org/licenses/by/3.0/

Agtergrondinligting

Die lied waarna ons gaan luister, het sy ontstaan gehad by die goudmyne aan die Witwatersrand en kan geklassifiseer word as 'n werklied.

Terwyl die mans gewerk het, het hulle gesing. Hierdie werkliedere het die mense gehelp om die verveling van die harde werk te vergeet. Terwyl hulle byvoorbeeld met die pikke gekap het, het hulle die liedere op die ritme van die gekap gesing. Die ritme van die lied en die werkaksie vorm 'n eenheid.

STAP 1

Luister na die opname van "Shosholoza" en beeld die pik-kap-aksie saam met die opname uit. (Kap met die "pik" elke keer op die eerste polsslag).

Hier volg die woorde:

Shosholoza
Ku lezontaba
(Jy dwaal rond in daardie berge)
Stimela si qhamuka e South Africa
(Die trein is van Suid-Afrika)

5.1 Wen u ya baleka

5.1.1 Ku lezontaba

5.1.2 (Jy verdwyn of hardloop weg)

Stimela si qhamuka e South Africa
(Die trein is van Suid-Afrika)

Let op die herhaling van die melodie en woorde!

STAP 2

Hierdie lied is ook 'n voorbeeld van tradisionele musiek uit Afrika. Hier volg 'n aantal kenmerke van die meeste tradisionele musiek uit Afrika.

- Luister na die musiek en dui aan, in die blokkies, die kenmerke wat in hierdie lied teenwoordig is.

	'n **Groep** mense neem deel.
	Slegs **mans** neem deel.
	Die sang is dikwels **onbegeleid.**
	Roep-en-Antwoord: solis en groep wissel mekaar af.
	Gesing vir **spesifieke geleenthede**, bv. troue, aanbidding.
	Gaan gewoonlik gepaard met **dans, beweging** en/of handeklap.
	continued on next page

	Die musiek is **mondelings** oorgedra en niemand weet wie presies dit geskep het nie. Die woorde het ook mettertyd verander: van die woorde is vergeet en ander mense voeg hul eie woorde na willekeur by.
	Die ritme van die musiek word dikwels bepaal deur die natuurlike **spraakritme** (bv. die neiging om die laaste lettergreep van 'n woord uit te rek; daarom kry ons ritmepatrone wat eg aan Afrika is).
	Dieselfde **melodiese** patrone word dikwels **herhaal.**
	Dieselfde **ritmiese** patrone word dikwels **herhaal.**
	Dieselfde **woorde** word dikwels **herhaal.**

Table 1

STAP 3
Luister hoe *Ladysmith Black Mambazo* die lied sing. Die woorde is soos volg:

Vers 1:	
ShosolozaWork, work, working in the sunWe will work as oneShosolozaWork, work, working in the rain'Til there's sun again	
Vers 2:	
ShosolozaPush, push, pushing on and onThere's much to be doneShosolozaPush, push, pushing in the sunWe will push as one	

Table 2

Hierdie weergawe is gesing vir die Springbok-rugbyspan. Hoekom dink jy is dit 'n goeie sportlied?
Tuiswerk: Vind uit omtrent nog kunstenaars wat 'n opname van hierdie melodie gemaak het:
Skryf nou jou eie 3de vers – let op die herhalings.
STAP 4
Navorsing: -Dink aan 'n werk wat vandag gedoen word en waarvoor jy 'n werklied kan skryf.
- Waaroor dink jy sal moderne sangers sing? Hoekom is daar 'n verskil?
'n WERK VANDAG:
WAAROOR MODERNE SANGERS SING:
DIE VERSKIL:
Aktiwiteit 2:
Om "spirituals" te ondersoek
[LU 2.3, 2.4]
STAP 1
Agtergrondinligting
Spirituals het in Amerika onstaan. Jare gelede (voor 1865), gedurende die tydperk van slawerny, is mense vanaf Wes-Afrika se kus ingevoer om as slawe in die plantasies te werk. Terwyl die slawe gewerk het, het hulle werkliedere gesing wat gebaseer is op tradisionele volksmusiek uit Afrika. Hierdie liedere is gesing om hulle persoonlike gevoelens uit te druk en om mekaar op te beur.

Na werk het hulle in die kampe gesing. Hulle het gebruik gemaak van teksgedeeltes uit die Bybel en melodiebrokkies van gesange wat hulle buite die kerke (Westerse musiek) gehoor het. Hierdie "stukkies" musiek en teks het hulle gebruik om hul eie liedere (spirituals) van hoop en vertroue te skep.

Die eerste vorm van spirituals was "krete" (shouts) – 'n oorlewing van 'n primitiewe Afrika-dans. Dit het daaruit bestaan dat die mans en vrouens in 'n kring staan en begin dans, handeklap en voetstamp; aanvanklik stadig en al hoe vinniger. Dieselfde musikale frase is oor en oor herhaal vir ure totdat almal in vervoering was. Dit het daartoe gelei dat vrouens neerval en skree en mans moeg uit die kring tree.

Die lirieke van spirituals is nou verbind met hul 'skrywers', die slawe. Terwyl werksliedere gebaseer is op die daaglikse lewe, is spirituals gebaseer op die boodskap van Die Bybel : "Jy kan gered word". Hulle kon met Bybelse figure identifiseer, byvoorbeeld Josef (wat deur sy broers as slaaf verkoop is) en die Jode wat ook slawe in Egipte was. Hulle het geglo dat hulle gehelp sou word om vry te word, net soos wat die Here hierdie Bybelse figure gehelp het.

Die lirieke is dus hoofsaaklik gebaseer op 'n verlange na vryheid en 'n beter land. Woorde soos "home" en "Canaan's land" kom herhaaldelik voor en is simbolies van hulle soeke na 'n beter lewe in hierdie wêreld, sowel as in die hiernamaals.

Soos volksmusiek, is die komponiste van meeste van die "spirituals" onbekend, aangesien dit mondelings oorgedra word. Die woorde verskil van streek tot streek omdat mense, wanneer die woorde vergeet is, hul eie woorde na willekeur bygevoeg het.

Beantwoord die volgende vrae:

In watter land het *spirituals* ontstaan?

Waarvandaan is die slawe ingevoer om op die plantasies te werk?

Wat het die slawe gedoen om hulleself en ander te motiveer?

Waar het hulle in aanraking gekom met Westerse musiek?

Hoe is die eerste *spirituals* genoem?

Dink jy dis 'n gepaste naam? Gee 'n rede vir jou antwoord.

Die woorde "*home*" en "*Canaan*" word dikwels in *spirituals* gebruik. Wat simboliseer dit?

Wat is die verskil tussen werkliedere en *spirituals*?

Noem twee komponeer-tegnieke wat in beide *spirituals* en werkliedere gebruik word.

Luister na die opname van " *Swing Low, Sweet Chariot* **" en sing saam elke keer wanneer die woorde "** *Coming for to carry me home*" **voorkom.**

Swing low, sweet chariot
Coming for to carry me home
Swing low, sweet chariot
Coming for to carry me home
If you get there before I do
Coming for to carry me home
Tell all my friends, I'm coming too
Coming for to carry me home

Wat is die boodskap van die lied?

STAP 2

Spirituals is 'n voorbeeld waar daar oorvleueling in musiek plaasvind: elemente uit Westerse sowel as Afrika-musiek word gekombineer.

Hier volg 'n aantal kenmerke van die *spirituals*. Luister weer na die opname en dui met 'n A of W aan of die kenmerk in die tabel:

tipies is van Afrika-musiek (A) of Westerse musiek (W);

in hierdie spesifieke lied ([U+F034]) teenwoordig is.

KENMERK	WESTERS/AFRIKA	TEEN-WOORDIG
‘n hele groep mense neem deel		
gaan gepaard met dans, beweging, handeklap		
roep-en-antwoord: die groep antwoord die leier		
die groep herhaal dikwels dieselfde woorde (frase)		
die leier sing dikwels lang teruggehoue frases		
die groep sing dikwels korter gesinkopeerde frases		
gaan gepaard met “moaning” en “groaning”		
sterk ritmies met sinkopasie		
melodieë afkomstig van gesange		
ritmiese patrone word oor en oor herhaal		
melodiese patrone word oor en oor herhaal		
gebaseer op pentatoniese toonleer		

Table 3

STAP 3
Huiswerk en Navorsing

- Vandag word die term ‘*gospel*’ gebruik vir hierdie tipe liedere.

Dink aan nog *gospel*-liedjies.
Waaroor dink jy sal moderne sangers sing in hul liedjies?
Hoekom is daar ‘n verskil?
Maak’n lys van gospel-sangers.
Aktiwiteit 3:
Om “blues” (spesifiek morna) te ondersoek
[LU 2.3, 2.4]
Lees die volgende. Watter gevoel ervaar jy?
“When I’m feeling blue.....” / Blou-Maandag: *Neerslagtigheid of bedruktheid*
Agtergrondinligting
Soos werkliedere en spirituals, is die “blues” ook ‘n vermenging van Afrika- en Westerse musiek.
Net soos hierdie twee genres, vertel die lirieke van die “blues” ook die gevoel, vrees en hoop van sangers, maar op ‘n meer persoonlike manier, aangesien slegs een sanger sing!
Solosang is dus ’n kenmerk, in teenstelling met die groepsang in werkliedere en spirituals.

- Lees eers die storie omtrent Cesaria Evora.
- Luister dan na ‘n opname van Cesaria Evora.
- Gee dan jou opinie omtrent hierdie musiek.

“Cesaria Evora kom van die Kaap Verdiese eilande af en staan bekend as die “kaalvoet diva”. Die rede hiervoor is dat sy gewoonlik tussen optredes kaalvoet op die verhoog verskyn ter ondersteuning van die minder bevoorregte vrouens en kinders van haar land. Haar liedere spruit uit haar land se geskiedenis van isolasie, slawehandel en emigrasie: meer as die helfte van die mense in die land het reeds na ander lande verhuis.

Die woorde van die liedere is in Portugees-Kreools en die styl word “morna” genoem – ‘n tipe “blues”, aangesien dit ook die swaarkry van die lewe in musiek uitbeeld.”

Ten Slotte: Versamel inligting omtrent hierdie drie style en plak dit in jou leerderjoernaal. Dit kan in die vorm wees van CD-omslae, lirieke of prente en algemene inligting.

6 Assessering

Leeruitkomstes(LUs)
LU 2
REFLEKSIEDie leerder is in staat om krities en kreatief op artistieke en kulturele prosesse, produkte en style van die verlede en die hede te reflekteer.
Assesseringstandaarde(ASe)
Dit is duidelik wanneer die leerder:
MUSIEK
2.3 m.b.v. beluistering die gebruik van herhaling in die samestelling van Afrika-musiek bespreek;
2.4 m.b.v. ‘n repertorium van geselekteerde liedere uit verskillende kulterele omgewings kan beskryf uit watter kulterele gebeurtenis die liedere spruit, en die boodskap van die lirieke en waarvoor die lied gebruik word, verduidelik;

Table 4